

19 Augustus

Skrifgedeelte: Deuteronomium 28:46-51, 58-68

Fokusgedeelte: Deuteronomium 28:47, 58

Blydskap lê in die ware dien van God

“Dien die HERE met blydskap” is die opdrag in Psalm 100:2. Hierdie opdrag kan slegs uitgevoer word wanneer ons weet wie die HERE is, wie ons vir Hom is en hoe Hy gedien wil word.

God leer die volk Israel die belangrikheid van gehoorsaamheid. Hy is die Verbondsgod wat hulle uit die Egiptiese slawehuis uitgelei het en hulle die beloofde land ingebring het. Hulle is sy uitverkore volk en op 'n besondere wyse aan Hom gebind. Hierdie voorreg om verbondskind te wees, vra egter ook 'n verantwoordelikheid. Die vreugde en blydskap wat hierdie verlossing meebring, sal slegs bly wanneer hulle afhanklik van God bly en sy Naam met eerbied en ontsag heilig. Die HERE, die Verbondsgod, moet met toewyding en vreugde gedien word – dit bring seëninge. Ongehoorsaamheid, louheid in hulle dien van die HERE, vergeet dat hulle van God alleen afhanklik is, lei alles tot vervloeking en strawwe.

Dien die HERE met blydskap, want in Jesus Christus is ons verlostes, het ons deel aan hemelse seëninge – ewige lewe, vergewing van sondes, sekerheid deur die Heilige Gees. Verbondskinders wat daagliks kan leef uit die onbeperktheid van God se genade en liefde.

Wanneer ons leef vanuit die kennis van Wie die HERE is en wie ons vir Hom is, dan is daar toewyding in ons aanbidding van God en sal ons blydskap nie deur die omstandighede van die tyd nie, maar deur ons verhouding met Jesus Christus en deur die werking van die Heilige Gees bepaal word.

Sing: Psalm 33:1

Dr. TC de Klerk (Okahandja)